GESKIEDENIS (Opdateer November 2015)

A. METODES VAN ASSESSERING

Eksterne Eksamen:	Vraestel 1	3 uur	[200]
	Vraestel II	2 uur	[100]
Interne Assessering:	Skoolgebaseerde Assessering (SGA)		[100]

400 punte

B. VEREISTES

VRAESTEL 1 BRONGEBASEERDE VRAESTEL 3 uur [200]

DRIE temas sal voorgeskryf word uit die Graad 12 Inhoudafdeling van die Kurrikulum en Assessering Beleidsverklaring (CAPS/KABV). Die voorgeskrewe temas sal afgewissel word.

Alle vrae is verpligtend.

Gewigwaardes van denkvlakke: 60% van die vrae in Vraestel 1 sal gerig wees op laerorde denkvlakke en 40% van die vrae sal op hoërorde denkvlakke gerig wees.

Afdeling A Enkelbron-analise (3 x 20) 60 punte

Drie vrae sal oor minstens twee van die voorgeskrewe temas gestel word. Elke vraag sal op die analise van 'n enkele bron fokus.
Die formaat van hierdie drie vrae sal die volgende vorms aanneem:

- een sal 'n visuele analise wees
- een sal 'n tekstuele analise vereis
- een sal 'n tema met 'n huidige kwessie in die media verbind. Dit sal vereis dat die kandidate verbande trek tussen gebeure en kwessies uit die verlede met die hede.

Die vrae sal breë geskiedkundige begrip vereis, maar sal ook fokus op spesiale historiese vaardighede, soos analise, evaluering van geskrewe en visuele bronne sowel as om betrokke te raak by kwessies van betroubaarheid en bruikbaarheid.

Kandidate sal al drie vrae moet beantwoord.

Afdeling B Brongebaseerde Vrae 90 punte

Daar sal een stel vrae wees gebaseer op 'n aantal verskillende bronne uit een of meer van die drie voorgeskrewe temas. Die meeste van die vrae sal laerorde denkvlakke, soos kennis en begrip vereis.

Afdeling C Brongebaseerde opstel 50 punte

Die brongebaseerde opstel sal ontwikkel uit die brongebaseerde vrae in Afdeling B.

IEB COPYRIGHT

IEB Copyright © 2014 – 2016

VRAESTEL II: UITGEBREIDE SKRYFWERK. VRAESTEL 2 2 uur [100]

DRIE temas sal vir hierdie vraestel voorgeskryf word. Soos met Vraestel 1 sal die temas afwissel.

Afdeling A Beredeneerde Opstel 70 punte

DRIE vrae sal gestel word, een oor elkeen van die DRIE voorgeskrewe temas. Kandidate moet EEN vraag beantwoord. Die beredeneerde opstel moet ongeveer 800-900 woorde lank wees.

'n Beredeneerde opstelvraag teiken hoërorde denkvaardighede en leerders sal volgens hul vermoëns daarop reageer.

Afdeling B Uitgebreide skryfwerk 30 punte

DRIE vrae sal gestel word, een oor elk van die DRIE voorgeskrewe temas. Kandidate moet enige EEN van die vrae beantwoord. Die uitgebreide skryfwerk moet ongeveer 350-400 woorde lank wees.

'n Bron sal in elke vraag verskaf word as 'n stimulus om die leerder se respons te rig, maar dit sal nie analise vereis nie. Die vraag sal onderverdeel word om verdere duidelikheid te gee om die leerder se respons te lei.

Hierdie taak sal laerorde denkvaardighede vereis, soos herroep van feite, kennis en begrip.

SKOOLGEBASEERDE ASSESSERING [100]

Elke kandidaat moet 'n lêer met werk daarin voorberei. 55% van die SGA sal uit toetse en eksamens bestaan en 45% sal alternatiewe wyses van assessering weerspieël in die vorm van 'n historiese ondersoek en 'n mondelinge aanbieding.

Hierdie werk sal intern deur die kandidaat se onderwyser geassesseer word. Lêers sal gemodereer word op streeks- of nasionale vlak.

IEB COPYRIGHT

IEB Copyright © 2014 – 2016

C. INTERPRETASIE VAN DIE VEREISTES

Skoolgebaseerde Assessering (SGA)

Inleiding:
Interne Assessering is die assessering van die leerder se prestasie wat deurlopend deur die onderwyser bepaal word met gebruik van verskeie assesseringstegnieke.

Samestelling van die SGA

AFDELING A: TOETSE EN EKSAMENS

3 toetse	(3 x 10)	30
Voorbereidende/Rekord-eksamen		25

AFDELING B: ALTERNATIEWE ASSESSERINGSVORME

Historiese Ondersoek	35
Mondelinge Aanbieding	10

TOTAAL **[100]**

Verduideliking van hierdie komponente

AFDELING A: TOETSE EN EKSAMENS

1. Toetse/ Omvattende taak [30]

- **Drie** toetse wat gedurende die Graad 12-jaar geskryf, word wat die kandidaat se beste werk verteenwoordig.
- Dit moet onder **gekontroleerde omstandighede geskryf word.**
- Die tipe taak moet gelykstaande wees aan die tipe take wat in Graad 12 geëksamineer word, d.i. dit moet 'n beredeneerde opstel of brongebaseerde opstel wees, 'n uitgebreide skryfstuk (slegs een uitgebreide skryfstuk mag ingehandig word), bronanalise of brongebaseerde toets van minstens 50 punte wees.
- Assesseringstandaarde moet Graad 12-assesseringspraktyk weerspieël.

2. Voorbereidende/Rekordeksamen
Graad 12 Rekordeksamen [25]
(300 punte verwerk tot 'n punt uit 25)

Afdeling B: Alternatiewe assesseringsvorme

3. 'n Historiese Ondersoek – 'n onafhanklike studie. [35]
(bepunt uit 40 en verwerk tot 'n punt uit 35)

3.1 Inleiding

Die historiese ondersoek is 'n probleemoplossing-aktiwiteit wat die kandidaat in staat stel om die toepassing van hul kennis en vaardighede te toon op 'n gebied wat hul interesseer en wat nie met die sillabus verband hoef te toon nie. Die gekose ondersoek

IEB COPYRIGHT

moet die kandidaat in staat stel om die vaardighede van 'n historikus te ontwikkel en toe te pas om sin te maak van bronmateriaal en om teenstrydige interpretasies te hanteer waar nodig.

Van die kandidaat sal vereis word om bewyse te soek, te selekteer, te evalueer en te gebruik om 'n besluit te kan neem of 'n probleem op te los. Kandidate moet verskeie bronne, insluitend primêre bronne waar gepas, kan gebruik, en moet minstens twee daarvan krities kan evalueer. Die verslag moet dan volgens spesifieke riglyne geskryf word.

3.2 Voorbeelde van die tipe ondersoeke wat kandidate mag onderneem, is:

- 'n Historiese onderwerp of tema deur gebruik te maak van geskrewe bronne of 'n verskeidenheid bronne
- 'n Historiese onderwerp gebaseer op veldwerk: byvoorbeeld 'n museum, argeologiese terrein, slagvelde, kerke
- 'n Historiese probleem met gebruik van dokumente (dit kan koerante insluit)
- 'n Plaaslike geskiedkundige projek
- 'n Geskiedkundige projek gebaseer op mondelinge onderhoude
- 'n Historiese ondersoek gebaseer op die interpretasie van 'n roman, film of 'n kunswerk, byvoorbeeld.

3.3 Vereistes

Kandidate moet:

- 'n Historiese ondersoek uitvoer wat lei tot 'n geskrewe verslag van 1500-2000 woorde volgens die spesifikasies hieronder
- 'n Titel vir die historiese ondersoek wat as 'n vraag of kwessie geformuleer word om sodoende die fokus en riglyn vir die ondersoek daar te stel, verskaf
- Meer as twee bronne gebruik en primêre bronne insluit waar toepaslik.

Die onderwyser sal die historiese ondersoek intern assesseer volgens die rubriek wat voorsien word (Administratiewe en Bystand Dokumentasie: 6).

3.4 Keuse van onderwerp

Onder leiding van hul onderwyser behoort die kandidate hul eie onderwerp te kies.

Die onderwyser moet die ondersoek goedkeur voordat die werk begin. Die kriteria waarteen die ondersoek geassesseer word, moet hier in aanmerking geneem word. Die ondersoek moet probleem-gesentreerd wees en die onderwerp moet verband hou met historiese kwessies.

Die onderwerpkeuse moet die kandidaat toelaat om die historiese vaardighede van seleksie, analise, evaluering en sintese van bronne te gebruik en ontgin. Die kandidaat moet ook in staat gestel word om historiese bewustheid en oordeel binne die reikwydte van die ondersoek te kan demonstreer.

Kandidate moet gelei word om streng-gefokusde ondersoeke uit te voer aangesien 'n verwysingsraamwerk wat te wyd is oppervlakkige werk tot gevolg kan hê.

IEB COPYRIGHT

Kandidate moet bewus wees van etiese oorwegings wanneer hul enige ondersoek onderneem. Hulle moet takt, empatie, respek en vertroulikheid toon. Alle bronne wat gebruik word moet aangedui word.
Die volgende is tipes ondersoeke wat toepaslik kan wees:

- Mondelingse geskiedenisse: Watter impak het die Paswette op die lewens van die ….. -familie gehad?
- Museumondersoeke: Die Museum Afrika Hoogverraad-verhoor-uitstalling: 'n analise van sy sterkpunte en swakpunte as 'n bron vir skoolnavorsing oor die Hoogverraad-verhoor.
- Veldwerk: Hoe het die Britse Magte kamp opgeslaan by Isandlwana en hoekom was dit ontoereikend om die Zulu-aanval af te weer? 'n Persoonlike ondersoek op die terrein.
- Koerantstudie: In watter mate het die verslaggewing van die Rivonia-hoogverraad-verhoor in die Engelse en Afrikaanse pers die tradisionele politieke skeiding tussen die twee taalgroepe weerspieël?
- Primêre bronanalise: Hoe het berigte van ooggetuies van die Sharpeville-gebeure op 21 Maart 1960 van mekaar verskil? 'n Analise en beoordeling van die teenstrydige bewyse.

3.5 Die geskrewe verslag

Die lengtevereiste van 1 500 – 2 000 woorde sluit die bibliografie, bronne, prente, grafieke, ens. uit.

Ongeag die tipe historiese ondersoek wat gekies is, moet elke kandidaat 'n geskrewe verslag produseer wat uit die volgende vyf afdelings bestaan:

A	Opsomming van bewyse	6 punte
B	Evaluering van bronne	10 punte
C	Inleiding, ondersoek, gevolgtrekking	20 punte
D	Besinning	2 punte
E	Lys van bronne	2 punte

A Opsomming van bewyse

Die opsomming van bewyse behoort aan te dui wat die kandidaat uitgevind het van die bronne wat hy/sy gebruik het. Dit kan in die vorm wees van 'n lys of 'n stuk prosa. Enige illustrasies, dokumente of ander relevante bewyse moet ingesluit word in 'n addendum en word nie ingesluit in die finale woordtelling nie.

B Evaluering van bronne

Hierdie afdeling van die geskrewe verslag moet 'n kritiese evaluering wees van minstens twee, maar nie meer as vier nie, belangrike bronne wat toepaslik is op die ondersoek en moet verwys na hul oorsprong, doel, waarde en beperkings.

C Inleiding, ondersoek, gevolgtrekking

Die analise moet die volgende insluit:

IEB COPYRIGHT

- 'n inleiding wat die onderwerp van ondersoek (geformuleer as 'n vraag/kwessie) en 'n plan van hoe die argument of bespreking gestruktureer is en hoe dit gaan verloop, insluit.
- 'n bespreking van die historiese konteks van die ondersoek asook van die toepaslikheid en die belang van die ondersoek.
- analise van die bewyse
- indien gepas, 'n bespreking van verskillende interpretasies
- die gevolgtrekking moet duidelik geformuleer word en moet verenigbaar wees met die bewyse wat gevind en aangebied is.

D Besinning

Hierdie afdeling vereis 'n kort besinning oor die toepaslikheid van die ondersoek vanuit 'n persoonlike siening.

E Bronnelys

'n Bibliografie of bronnelys moet ingesluit word. 'n Aanvaarbare verwysingsmetode moet gebruik word.

3.6 Proses wat gevolg moet word met die Historiese Ondersoek

Die aanvanklike navorsing mag in September van die Graad 11 jaar begin word. Dit is gewens dat die kandidate 'n gestruktureerde program van sperdatums gegee word wat hulle in staat stel om die navorsing te voltooi en die ondersoek betyds op te skryf. Die finale produk moet in Graad 12 voorgelê word.

Die bedoeling is dat hierdie ondersoek in die kandidaat se eie tyd gedoen word, maar nie dat die werk heeltemal sonder toesig geskied nie. Dit bly die verantwoordelikheid van die onderwyser om te verseker dat die kandidate kennis dra van:

- Die vereistes van die historiese ondersoek
- Die assesseringskriteria
- Interne sperdatums en die finale inhandigingsdatum

Onderwysers moet verduidelik dat die ondersoek geheel en al die kandidaat se eie werk moet wees en dat van hulle verwag word om 'n geskrewe verklaring in dier voege te teken wat dan deur die onderwyser bekragtig word wanneer hulle die werk inhandig vir interne assessering.

Indien die onderwyser twyfel oor die betroubaarheid van die werk moet hy/sy die volgende deeglik onder die loep neem:

- Die kandidaat se oorspronklike voorlegging
- Die eerste poging van die geskrewe stuk
- Die verwysings en die bibliografie wat gegee word
- Die skryfstyl vergeleke met werk wat sonder twyfel dié van die kandidaat s'n is

Die onderwyser mag ook, volgens sy/haar diskresie, vereis dat die kandidaat 'n mondeling oor die werk moet aflê.

Onderwysers mag raad gee oor die eerste poging van die ondersoek, maar mag dié poging nie volledig annoteer of redigeer nie. Die volgende weergawe wat ingehandig word, is dan die finale werkstuk vir beoordeling.

Alle voorbereidende werk, insluitend die eerste poging, moet beskikbaar wees vir moderering.

IEB COPYRIGHT

Om plagiaat te vermy, moet die kandidate altyd verseker dat hulle die werk en woorde van ander persone volledig erken. 'n Aanvaarbare aanhalingswyse moet konsekwent toegepas word.

IEB COPYRIGHT

4. 'n Aanbieding [10]

- Dit is 'n individuele aanbieding. Dit kan gebaseer word op 'n afdeling van die Graad 12-inhoud en konteks of dit kan 'n mondelinge aanbieding wees van die Historiese Ondersoek.
- Ongeag die gekose formaat (dramaties, visueel, elektronies, ens.) moet elke kandidaat 'n mondelingkomponent tot die aanbieding voeg.
- 'n Kopie van die mondelingkomponent moet in die lêer ingesluit word.
- Elke kandidaat se aanbieding moet ongeveer vyf minute lank wees.
- Elke kandidaat word individueel geassesseer.
- Assessering is volgens die gemeenskaplike assesseringskriteria soos verskaf. (Administratiewe en Bystand Dokumentasie: 7).
- Alle voorbereidingswerk moet ingesluit word in die SGA-lêer.

5. Die Onderwyserslêer

'n Ringlêer word aanbeveel.

Hierdie lêer moet die volgende insluit:

- **'n Dekblad** met die onderwyser se naam, skool en sentrumnommer. As meer as een onderwyser die vak onderrig, moet 'n lys met die onderwysers se name ingesluit word.
- **'n Inhoudblad**. Die leerders se lêers moet dieselfde inhoudblad bevat.
- **Puntestate** – Al hierdie lyste moet die eksamennommers toon. Die volgende state word vereis vir die lêer – IEB-puntestaat (rangorde), (Administratiewe en Bystand Dokumentasie: 2); onderwyser se sigblad vir die hele klas met gemiddeldes; IEB lys van kandidate geselekteer vir Nasionale Moderering (indien van toepassing)
- Bewyse van vakgroepbywoning.
- Verskillende SGA-afdelings moet geskei word deur bladsyverdelers. Maak asseblief seker dat alle take gedateer is aangesien dit bewys lewer van leerders se deurlopende vordering deur die jaar. Toetse moet "kontroletoets" aandui met onderwerp of klasassessering en aard van toets, bv. opstel.
- Alle take, nasienriglyne en analise moet ingesluit word.
- Afwesigheid of vermiste taak. 'n Brief moet in die lêer geplaas word. Dit moet geteken word deur die onderwyser en die leerder. 'n Alternatiewe taak mag die vermiste taak vervang; dit moet duidelik as sodanig aangedui word en die taak en nasienriglyne moet in die onderwyserslêer verskyn. Hierdie taak moet van dieselfde gehalte en uit dieselfde puntetotaal, ens. wees.

6. Die leerderlêer

Elke leerder moet 'n lêer hê wat 'n versameling van die leerder se werk insluit. Dit moet beskikbaar wees vir moderering teen 31 Oktober elke jaar.
Hierdie lêer moet aan die volgende vereistes voldoen:
Dit moet 'n sagte A4-lêer met deursigtige buiteblad aan die voorkant wees (nie 'n sakkieslêer nie) wat al die werkstukke stewig kan inbind.

- Die SGA-dekblad met verklaring (Administratiewe en Bystand Dokumentasie: 1) moet voorin geplaas word en al die items in volgorde daarna.
- As enige werkstuk nie in die lêer pas nie, moet dit in 'n deursigtige plastieksak geplaas word met die relevante detail op die voorkant.

IEB COPYRIGHT

Afwesigheid

Leerders moet die geleentheid gegun word om vermiste take in te haal. Indien nodig kan 'n ekwivalente oefening gedoen word. 'n Geloofwaardig rede op skrif, bv. 'n doktersbrief, indien 'n leerder 'n SGA-taak misloop.

D. ADMINISTRATIEWE EN BYSTAND DOKUMENTASIE

1. SGA-dekblad met verklaring
2. IEB-rangorde puntestaat
3. Ryk take en denkvlakke
4. IEB KABV-assesseringsillabus vir Graad 12
5. Leerder se beplanning vir Historiese Ondersoek
6. Nasienrubriek vir Historiese Ondersoek
7. Nasienrubriek vir Historiese Aanbieding
8. Generiese rubriek vir brongebaseerde opstel
9. Generiese rubriek vir beredeneerde opstel
10. Generiese rubriek vir uitgebreide skryfwerk
11. Nasionale/streeksmodereringsblaaie
12. Taksonomie van denkvlakke

IEB COPYRIGHT

1. SGA-LÊERDEKBLAD MET VERKLARING

INDEPENDENT EXAMINATIONS BOARD
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN
GESKIEDENIS-SGA

NAAM VAN KANDIDAAT_____

EKSAMENNOMMER

		Moontlike Punt	Werklike Punt
AFDELING A 1. TOETSE/TAKE	1		
	2		
	3		
TOTAAL VIR AFDELING		**30**	
2. EKSAMENS Voorbereidende/Rekordeksamen	P1	200	
	P2	100	
TOTAAL VIR AFDELING		**25**	
AFDELING B 1. Historiese Ondersoek		35	
2. Aanbieding		10	
TOTAAL VIR AFDELING		**45**	
TOTAAL		**100**	

Ek verklaar dat al die werk in hierdie lêer hierdie kandidaat se eie werk is.

Geteken deur onderwyser: _____Datum: _____

Ek verklaar dat al die werk in hierdie lêer my eie werk is.

Geteken deur kandidaat: _____Datum: _____

IEB COPYRIGHT

IEB Copyright © 2014 – 2016

2. IEB-RANGORDE PUNTESTAAT

INDEPENDENT EXAMINATIONS BOARD

NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

GESKIEDENIS SGA

SENTRUMNO

KANDIDATE GELYS IN RANGORDE VAN PUNTE (HOOGSTE TOT LAAGSTE)

	EKSAMENNOMMER													**PUNT - 100**
1														
2														
3														
4														
5														
6														
7														
8														
9														
10														
11														
12														
13														
14														
15														
16														
17														
18														
19														
20														
21														
22														
23														
24														
25														

IEB COPYRIGHT

3. GENERIESE DOKUMENT OOR RYK TAKE

NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

GESKIEDENIS

RYK TAKE EN KOGNITIEWE VLAKKE

Die lêervereistes van die NSS omvat 'n vermindering in die aantal lêerwerkstukke, maar 'n verhoging in die nougesetheid wat vereis word – 'n 'minder-maar-meer' benadering. Die lêerwerkstukke is nie eksamen- of toetsgerig nie, maar moet ryk wees.

Wat word bedoel met ryk take?

1. Take wat 'n kombinasie van historiese vaardighede, konsepte en inhoud assesseer. Dit moet 'n betekenisvolle gedeelte van die kwalifikasie assesseer.

2. Take wat 'n integrasie van kennis, vaardighede, houdings en waardes vereis. Hulle moet van die leerders vereis om hierdie waardes en bevoegdhede wat oor tyd bekom is op 'n geïntegreerde wyse te kan toepas op 'n gegewe konteks.

3. Take wat gebruik maak van onbekende/onvoorbereide kontekste
   Leerders moet toegepaste bevoegdheid kan demonstreer, d.w.s. die oordra van die kennis wat met tyd bekom is op en in nuwe situasies. Hierdie nuwe situasies moet:
   - lewensegte situasies wees
   - relevant en toepaslik op die ouderdomsgroep wees
   - 'n probleem of scenario of kwessie bied waarby die leerders moet betrokke raak
   - assessering van die proses sowel as die produk toelaat
   - metakognisie vereis (bewustheid van die leerproses)
   - alle denkvermoë-vlakke betrek

STEL VAN TAKE VOLGENS DENKVLAKKE

Die volgende moet in gedagte gehou word by die stel van take

Kennis
Begrip
Toepassing
— 60% van die punt wat toegeken word, moet hierdie denkvermoëns assesseer

Analise
Sintese
Evaluering
— 40% van die punte wat toegeken word, moet hierdie denkvermoëns assesseer

IEB COPYRIGHT

4. IEB KABV-ASSESSERINGSILLABUS VIR GRAAD 12

ASSESSERINGSILLABUS VIR GRAAD 12

Wat is die aard van die post-Tweedewêreldoorlog-wêreld?

Onderwerp 1: Die Koue Oorlog

Hoe het die tydperk van die Koue Oorlog internasionale verhoudings na die Tweede Wêreldoorlog gevorm?

Wat was die oorsake van die Koue Oorlog?

- Wat was die Koue Oorlog? (konseptuele verstaan)
- Einde van die Tweede Wêreldoorlog (inleiding) – waarom het 'n Koue Oorlog ontwikkel? (Yalta- en Potsdam-Konferensies; verdeling van Duitsland)
- USSR en VSA en die vorming van belangesfere:
  - die daarstel van satellietstate in Oos-Europa (kortliks/ geen detail)
  - VSA se beleid van insluiting: Truman-leer, Marshall-plan en Sowjet-reaksie.
  - Berlynse Krisis 1948 en 1961; en
  - opponerende militêre alliansies: NAVO en Warschau-verdrag (breë trekke);
- Insluiting en waagmanskap (brinkmanship): die Kubaanse Krisis (as voorbeeld van insluiting en waagmanskap); en
- Wie moet die blaam dra vir die Koue Oorlog? (interpretasie; verskillende standpunte).

Hoe het China verrys tot 'n wêreldmag na 1949? (word jaarliks roteer met Vietnam as 'n onderwerp)

- Inleiding; vestiging van Kommunistiese China in 1949 en gebeure wat gelei het tot 1949 **(NIE EKSAMENDOELEINDES)**;
- Kulturele Rewolusie; **(NIE EKSAMENDOELEINDES)**
- China se verhoudings met die Sowjetunie en die VSA vanaf 1949 tot 1973 (botsende ideologieë eerder as individuele gebeure);
- China se houding verander teenoor buurstate – Tibet, Indië, Vietnam en Taiwan;
- Tot hoe 'n mate was China gevestig as 'n supermoondheid teen die tyd van Mao se dood?;
- Slot – impak van China se ekonomiese bevryding in verhouding met die res van die wêreld sedert Mao se dood tot die hede. **(NIE EKSAMENDOELEINDES)**

Hoe het Vietnam dit reggekry om die oorlog teen die VSA te wen? (1954 tot 1975) (word jaarliks roteer met China as onderwerp)

- Agtergrond – oorsig van die stryd teen koloniale magte voor die Tweede Wêreldoorlog; en
- die tydperk onmiddellik na die oorlog in Vietnam.

Fases in die oorlog:

- 1957 tot 1965 – Die stryd in Vietnam tussen die Suid-Viëtnamese weermag en die Viëtkong
- 1965 tot 1969 – 'n Noord-Viëtnam - VSA -stryd (insluitend die aard van die oorlog);
- Die oorlog vanuit 'n Viëtnamese en VSA-perspektief;

IEB COPYRIGHT

- 1969 tot 1975 – Die VSA onttrek uit Vietnam (die impak op VSA- politiek)
- Slot: Hoe word die oorlog vandag in die VSA en Vietnam onthou? **(NIE-EKSAMENDOELEINDES)**

Onderwerp 2: Onafhanklike Afrika

Hoe is onafhanklikheid bereik in Afrika in die 1960's en 1970's?

- **Wat was die idees wat die onafhanklike state beïnvloed het?**

  Verskillende regeringsvorme (politieke ideologieë en ekonomieë), soos Afrika-sosialisme, kapitalisme, demokrasie en eenpartystate

- **Vergelykende voorbeelde om die politieke, ekonomiese, maatskaplike en kulturele suksesse en uitdagings in onafhanklike Afrika te illustreer (1960 tot 1980)**

  – die Kongo/Zaïre; en
  – Tanzanië

- **Die sukses en uitdagings wat onafhanklike Afrika moes trotseer**

  – Verskillende ideologieë/politieke kwessies:
    - rol van die leiers: Lumumba, Mobuto Sese Seko, Nyerere
    - nalatenskap van kolonialisme;
    - tipe regerings; en
    - politieke stabiliteit en onstabiliteit;
  – Ekonomiese kwessies:
    - tipe ekonomieë
  – Maatskaplike en kulturele kwessies:
    - voordele van onafhanklikheid;
    - opvoeding; en
    - Afrikanisering.

Onderwerp 3: Burgerlike samelewingsprotes 1950's tot 1970's

Watter vorme van burgerlike samelewingsprotes is tussen die 1950's en 1970's gevorm?

Die VSA Burgerregte-beweging

- Redes en oorsprong van die Burgerregte-beweging in die VSA (slegs agtergrondinligting);
- Die rol, impak en invloed van Martin Luther King Junior; en die invloed van passiewe weerstand (Gandhi) op Martin Luther King
- Vorme van protes deur burgerlike ongehoorsaamheid: Montgomery-busboikot, sitstakings, skooldesegregasie (Little Rock, Arkansas), optogte insluitend die Lincoln-gedenkteken, Birmingham-veldtog en Selma-Montgomery-optogte;
- Kort- en langtermynvoordele.

IEB COPYRIGHT

Die Swartmagbeweging

- Redes vir die beweging;
- Black Panther;
- Rol van Stokely Carmichael en Malcolm X; en
- Kort- en langtermynvoordele.

Ander vorme van Burgerlike samelewingsprotes

- Bevryding van vroue en feministiese bewegings in die 1960's en 1970's.
- Die vredesbewegings: ontwapening; studente en anti-oorlogbewegings; en die hippie-beweging

Onderwerp 4: Burgerlike weerstand in Suid-Afrika 1970's tot 1980's

Wat was die aard van burgerlike weerstand in die 1970's en 1980's?

Inleiding (NIE EKSAMENDOELEINDES)

- Die aard van die Apartheidstaat van 1964 tot die 1980's
- Weerstand – ondergronds, in tronke en in ballingskap.

Swartbewussyn daag die Apartheidstaat uit

- Die aard en doelwitte van Swartbewussyn;
- Die rol van Steve Biko;
- Die 1976-Soweto-opstand (nie die gebeure nie, maar die debatte oor of die studente deur die Swartbewussynsdenke beïnvloed is of nie); en
- Die nalatenskap van die Swartbewussyn op Suid-Afrikaanse politiek. **(NIE EKSAMENDOELEINDES)**

Interne en Eksterne Druk op die Suid-Afrikaanse Regering in die 1980's

- Beleid van Botha se regering – Totale Strategie (Onderdrukking en Hervorming)

Interne weerstand

- Reaksie op Botha se hervorming – nuwe metodes van mobilisasie; arbeid se 'uitgebreide massa-aksie'; massa-burgerlike aksie om die land onregeerbaar te maak (rol van burgerlikes, UDF, Massa Demokratiese Beweging, Konskripsie-veldtog en Black Sash).

Eksterne weerstand

- Internasionale anti-Apartheidsbewegings; (sportboikotte; kulturele boikotte; akademiese boikotte; verbruikersboikotte; disinvestering; sanksies; laat Mandela vry-veldtog; rol van die internasionale vakbonde);
- Ondersteuning vir die anti-Apartheid-stryd in Afrika – frontlinie-state (Angola, Botswana, Mosambiek, Tanzanië, Zambië en Zimbabwe). **(NIE EKSAMENDOELEINDES)**

IEB COPYRIGHT

Onderwerp 5: Die koms van demokrasie in Suid-Afrika en aanvaarding van die verlede

Hoe het Suid-Afrika as 'n demokrasie uit die krisis van die 1990's verrys en hoe het Suid-Afrikaners vrede gemaak met die Apartheidsverlede?

- **Die onderhandelde ooreenkoms en 'n Regering van Nasionale Eenheid**
  - geheime onderhandelings met die ANC-in-ballingskap en
  - onderhandelings met Mandela

- 1989 tot 1991:
  - ontbanning van organisasies;
  - vrylating van politieke gevangenes (insluitend Mandela);
  - debatte oor onderhandelings (Groote Schuur en Pretoria-Notule)
  - KODESA I

- Onderbreking in die onderhandelings:
  - 'Slegs Blankes'- referendum;
  - geweld in die 1990's en debatte oor die geweld (Derde Mag, Boipatong en Bisho);
  - KODESA verbrokkel;
  - Memorandum van Verstandhouding en die 'Sonsondergang-klousule' ('Sunset' Clause');

- Veelparty- onderhandelingsproses hervat:
  - formele veelparty-onderhandelings hervat;
  - moord op Chris Hani;

- Voortslepende geweld:
  - pogings om onderhandelings te ontspoor vlam op nadat ooreenkomste bereik is;
  - AWB se inval in die Wêreldhandelsentrum;
  - St James-slagting; moorde by die Heidelberg Taverne;

- Finale pad na demokrasie in 1994:
  - val van Mangope en Gqozo en die Bophuthatswana-skietery;
  - Inkatha Vryheidsparty-optog na Shell House en die Shell House-slagting;
  - die opstel van die Grondwet en die Handves van Menseregte;
  - Vryheidsfront en IVP sluit by die verkiesing aan;
  - 27 April-verkiesing en die Regering van Nasionale Eenheid

Hoe het Suid-Afrika verkies om die verlede te onthou?

Die Waarheid-en-Versoeningskommissie

- Redes vir die WVK;
- Verskeie vorme van geregtigheid: vergeldingsgeregtigheid en die Nuremberg-verhore in na-oorlogse Duitsland (**NIE EKSAMENDOELEINDES**); herstellende geregtigheid en die WVK-verhore;
- Die debatte oor die WVK:
  - positiewe aspekte: WVK as 'n instrument van versoening;
  - amnestie-toekennings en probleme met amnestie;
  - fokus op menseregte van 1980's en ignoreer georganiseerde geweld en die menseregte-vergrype van Apartheid; en
  - vergoeding;

IEB COPYRIGHT

- Reaksies van politieke partye en redes vir die reaksies by die WVK en die finale verslag van die WVK: Nasionale Party, Inkatha Vryheidsparty en African National Congress.

Onthou die verlede - gedenk dit (NIE EKSAMENDOELEINDES)

- Hoe word die stryd teen Apartheid onthou? Gepaste museum of gedenkteken, voorbeelde sluit in:
  - Vryheidspark op nasionale vlak,
  - Thokoza-monument op plaaslike vlak.

Onderwerp 6: Die einde van die Koue Oorlog en 'n nuwe wêreldorde: 1989 tot die hede

Hoe het die wêreld sedert die1960's verander?

Die einde van die Koue Oorlog

- Gorbachev se hervormings in die Sowjetunie (redes vir sy hervormings en die impak daarvan);
- Gebeure in Oos-Europa (Pole, Tsjeggoslowakye; Romenië en Hongarye):
  - gebeure in Pole – betekenis van 'Solidariteit';
  - Duitsland: die val van die Berlynse Muur;
- Disintegrasie van die Sowjetunie en die end van die Koue Oorlog;
- die impak daarvan op Suid-Afrika.

'n Nuwe wêreldorde

- definisie van globalisasie;
- magsbalans en impak op Afrika (ekonomiese skeiding):
- dominansie van globale Westerse kapitalisme: VSA; Bretton Woods, IMF en Wêreldbank; Wêreld Handelsorganisasie; burgerlike samelewing se weerstand teen globale kapitalisme;
- opkomende ekonomieë en verskillende vorms van kapitalisme: BRICS (Brasilië, Rusland, Indië, China en SA); **(NIE EKSAMENDOELEINDES)**
- Suid-Afrika in die nuwe wêreldorde – uitdagings van armoede en ongelykheid, herstel van vroeëre ekonomiese onregverdigheid (RDP en grondeise), die ontwikkelingstaat as 'n manier om hierdie probleme op te los; en
- reaksies op globalisering, die inlui van 'n era van ekonomiese onsekerheid – nasionalisme, lokalisering (soos die verbrokkeling van die voormalige Joego-Slawië); ekstremisme (soos godsdienstige fundamentalisme, insluitend regse Christene en Islamitiese fundamentalisme; 9/11 en die gevolge daarvan; die stryd teen terreur, Irak), sowel as omgewingsgroepe. **(NIE EKSAMENDOELEINDES)**

IEB COPYRIGHT

5. LEERDER-BEPLANNINGSBLAD VIR HISTORIESE ONDERSOEK

LEERDER-BEPLANNINGSBLAD VIR HISTORIESE ONDERSOEK

NAVORSINGSVOORSTEL
Fase I

Naam: _____

1. Skryf die breë navorsingsonderwerp waarop jy besluit het, neer:

_____

_____

_____

2. Skryf twee of drie moontlike navorsingsvrae waarop jy dalk wil fokus binne hierdie breë area, neer:

_____

_____

_____

_____

2. Watter ander algemene navorsing het jy tot dusver gedoen om 'n onderwerp te identifiseer (bv. identifikasie van kandidate vir onderhoude; internet-navorsing; telefoonkontakte; 'n besoek aan 'n moontlike terrein, ens.) Teken aan in die korrekte formaat waar toepaslik (bv. korrekte verwysing na internetwebtuiste):

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

IEB COPYRIGHT

IEB Copyright © 2014 – 2016

4. Motiveer jou keuse van die breë onderwerp:

   (a) Hoekom interesseer dit jou?
   (b) Watter historiese belang het dit?

5. Watter probleme kan jy dalk ondervind tydens jou ondersoek van hierdie onderwerp?

6. Hoe sal jy hierdie probleme hanteer?

Onderwyser se kommentaar:

IEB COPYRIGHT

NAVORSINGSVOORSTEL
Fase II

Naam: _____

1. Skryf jou finale navorsingsvraag neer:

_____

_____

_____

2. Jou voorlopige stelling:
(d.i. jou voorlopige antwoord op jou navorsingsvraag gebaseer op die inligting wat jy tot dusver gevind het. Dit kan verander soos jy meer bewyse versamel)

_____

_____

_____

_____

_____

3. Skryf jou lys van verwysings neer wat jy gevind het. Organiseer hulle asseblief in die volgende kategorieë vir hierdie vorm: primêre bronne, boeke, internetwebtuistes, CD's, joernale en tydskrifte.

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

IEB COPYRIGHT

IEB Copyright © 2014 – 2016

4. Watter **primêre bron** verwag jy gaan die nuttigste wees?

_____

_____

- Watter **voordeel (waarde)** het hierdie primêre bron m.b.t. betroubaarheid, ooggetuie, onmiddellikheid, gesigspunt?

_____

_____

_____

- Watter **nadeel (beperking)** kan jy dalk ervaar met hierdie bron? Oorweeg onakkuraatheid, onbetroubaarheid, vooroordeel, geheueprobleme, romantisering, oordrywing, taal.

_____

_____

_____

_____

5. Watter **sekondêre bron** verwag jy om die nuttigste te wees?

(a) Watter **voordele (waarde)** het hierdie sekondêre bron in terme van akkuraatheid, gesag van outeur, doelstellings, huidige geldigheid, omvang/diepte van dekking, indeksverwysing, ens.

_____

_____

_____

_____

(b) Watter **nadele (beperkings)** kan hierdie bron dalk hê? Oorweeg probleme met bostaande kriteria sowel as tegniese probleme met indeksmetode en reikwydte.

_____

_____

_____

_____

IEB COPYRIGHT

6. Hoe gaan jy blote vertelling vermy?
   Identifiseer watter aspekte van jou ondersoek jy vermoedelik gaan **analiseer** deur te vergelyk, kontekstualiseer en te evalueer.
   [Let wel: Enige menings wat jy aanbied oor jou historiese ondersoek moet geïnformeer word deur en gebaseer word op bostaande proses]

7. Reëlings:
   Het die persoon/persone met wie jy onderhoude wil voer, toegestem tot **minstens twee sittings?**

   _____

   _____

8. Het jy die nodige bandopname-toestel sodat jy jou onderhoud kan opneem? [Bespreek met jou onderwyser indien jy nie het nie]

   _____

   _____

9. Kram die Fase 1-vorm aan hierdie vorm vas, voordat jy inhandig.

Onderwyser se kommentaar:

IEB COPYRIGHT

6. HISTORIESE ONDERSOEK NASIENRUBRIEK

HISTORIESE ONDERSOEK NASIENRUBRIEK

Kandidaat seEksamennommer:													

OPSOMMING VAN BEWYSE Geen opsomming nie.	**PUNTE** 0	
Die opsomming is simplisties en/of bruikbaarheid van bronne vir die ondersoek is swak weergegee of afwesig.	1 - 2	
'n Redelike oorsig van die inhoud van die bronne, maar diepte ontbreek en/of daar is ook inligting wat ontbreek.	3 - 4	
'n Duidelike oorsig van die bronne. 'n Helder en akkurate verklaring oor die bruikbaarheid van die bronne binne die konteks van die leerder se ondersoek.	5 - 6	
EVALUERING VAN BRONNE Geen beskrywing of evaluering van bronne nie.	0	
Bronne word beskryf maar daar is geen/ of genoegsameverwysing na hul oorsprong, doel, waarde en beperkings nie.	1 - 3	
Bron-evaluering toon leemtes, twee of drie areas (oorsprong, doel, waarde en beperkings)	4 - 6	
Die evaluering van bronne m.b.t. oorsprong, doel, waarde en beperkings is gepas.	7	
Evaluering van bronne m.b.t. oorsprong, waarde, doel en beperkings, toon wisselende grade van uitnemendheid.	8 - 10	

IEB COPYRIGHT

INLEIDING, ANALISE EN GEVOLGTREKKING/SLOT		
Daar is geen inleiding tot die ondersoek nie of dit is onvanpas. Geen analise of gevolgtrekking nie	0	
'n Poging tot inleiding, maar swak Iets van 'n poging is aangewend om die probleem te analiseer met gebruik van die beskikbare bewyse. Gevolgtrekking/slot is nie volgens die bewyse wat aangebied is nie.	1 – 7	
Die inleiding is toepaslik in die algemeen, maar nie duidelik genoeg gefokus nie. Ontwikkeling van analise en argument is teenwoordig op een of ander wyse. Die tersaaklikheid en belang van die ondersoek word in 'n mate aangetoon. Die gevolgtrekking hou nie verband met die bewyse wat aangebied is nie of is foutief op een of ander manier.	8 – 13	
'n Goeie voorlegging van die historiese opstel, wat egter kortkom in een of meer areas wat voorgestel is, sodat 'n hoër punt nie toegeken kan word nie.	14 – 15	
Die inleiding is gefokus op die navorsingskwessie en toon duidelik die reikwydte en bepalings van die ondersoek. Daar is 'n kritiese analise van die navorsingskwessie en 'n gesofistikeerde ontwikkeling van 'n argument. Die tersaaklikheid en die belang van die ondersoek is duidelik gestel. Indien toepaslik, is daar 'n helder bespreking van verskillende interpretasies. Die gevolgtrekking is duidelik gestel en hou verband met die bewyse wat verskaf is.	16 – 20	
BESINNING Daar is geen verklaring van hoe die ondersoek uitgevoer is nie en ook geen besinning oor die persoonlike belang daarvan nie.	0	
Daar is beperkte verduideliking van hoe die ondersoek uitgevoer is en/of beperkte besinning oor die persoonlike belang daarvan.	1	
In diepte besinning oor alle aspekte.	2	
BRONNE EN WOORDPERK Geen bronnelys nie.	0	
Bronnelys is onvolledig en/of gebruik nie dieselfde verwysingsmetode deurgaans nie.	1	
'n Uitgebreide bronnelys dien deurlopend en konsekwent as verwysingsraamwerk.	2	
TOTAAL:	**40**	
	Verwerk tot 'n punt /35	$\frac{\quad}{35}$

IEB COPYRIGHT

7. HISTORIESE AANBIEDING NASIENRUBRIEK

HISTORIESE AANBIEDING ASSESSERINGSKRITERIA

Totale punt verwerk tot 'n punt uit 10

Kandidaat se Eksamennommer:													

Punte	**1**	**2**	**3**	**4**	**5**	**Punt**
Vakkennis en -begrip	Baie min relevante kennis is merkbaar.	Ongenoegsame kennis is duidelik. Inligting is foutief en/of vaag.	Voldoende kennis is duidelik. Die meeste van die inligting is helder, gepas en korrek.	Onderwerp is goed bemeester. Alle inligting is helder gepas en korrek. 'n Mate van bewys van kritiese en/of kreatiewe denke. Meer as 1 bron is gebruik in navorsing.	Toon deurgaans uitstekende bemeestering van die verwikkeldhede van die onderwerp. Alle inligting is duidelik, toepaslik en korrek. Kritiese en kreatiewe denke word deurgaans toegepas. 'n Verskeidenheid bronne is gebruik in die ondersoek.	
Organisasie van inligting om eenheid en samehang te bewerkstellig	Organisasie toon ernstige foute. Denkpatrone moeilik om te volg.. Verwarrend.	Problematiese organisasie wat lei tot 'n gebrek aan duidelikheid en 'n mate van verwarring.	Organisasie is voldoende. Mis soms enkele male eenheid en samehang. Soms is verbande en volgorde nie duidelik nie.	Goed georganiseeer van begin tot einde. Logiese, duidelike volgorde van idees . Fokus word behou deur skakels en verbande.	Uitmuntend georganiseeer van begin tot einde. Logies, duidelik en 'n natuurlike aanvoeling vir progressie van idees. Deurlopende helder fokus. Skakels en verbande gebruik met besondere insig	
Mondelinge aanbiedingsvaardighede	Ondoeltreffende weergee van inligting Taal en/of oogkontak, lewering en tempo is problematies en verminder impak van aanbieding. Kreatiewe strategieë onvanpas.	Ongelykmatige lewering. Taalgebruik bevat soms ernstige foute, of is nie gepas vir die konteks nie. Tegniese foute m.b.t. oogkontak, lewering of tempo. Gebruik van kreatiewe strategieë (indien gepas) is swak.	Hoofsaaklik vlot. Aanvaarbare taalgebruik. Oogkontak, lewering en tempo meesal effektief. Soms enkele tekortkominge in bogenoemde. Enkele kreatiewe strategieë word gebruik waar gepas.	Vlot. Goeie taalgebruik. Oogkontak. lewering, en tempo is in die geheel effektief. Goeie gebruik van kreatiewe strategieë waar gepas.	Vlot en met selfvertroue. Uitstekende taalgebruik. Oogkontak, lewering en tempo uitstekend geskik vir die gekose medium. Hoogs kreatiewe gebruik van media waar gepas.	**Totaal 15**

Finale punt vir Historiese Aanbieding: _____ **Verwerk tot 'n punt: _____**
15 **10**

IEB Copyright © 2014 – 2016

8. GENERIESE RUBRIEK VIR BRONGEBASEERDE OPSTEL

GENERIESE RUBRIEK VIR BRONGEBASEERDE OPSTEL

NB onvoltooide opstelle: sien slegs na wat gegee is en besluit op 'n punt in terme van sy waarde. Indien 'n beduidende hoeveelheid geskryf is, kan dit tussen 'n 5 of 6 behaal. Maar dit kan nie 'n 7 verkry nie. Dit sluit nie 'n opstel in wat net 'n slot/gevolgtrekking kortkom nie. So 'n skryfstuk kan wel 'n 7 toegeken word, maar nie 'n 7+ nie.

	Argument + fokus	**Gebruik van bronne**	**Teen-argument T/A**	**Struktuur + styl**	**Hoofindruk**
7 + 90 – 100% 45-50	Neem 'n standpunt in. Hou standpunt deurgaans vol. Handhaaf duidelike en konsekwente fokus. Verstaan alle aspekte van die vraag. Skakel bronne en vraag baie goed aaneen.	Gebruik al die bronne en verwys daarna deur die letter te gebruik. Gebruik besonderhede van die bronne om argument en teenargument te staaf.	Bespreek teenargument volledig. Erken teenargument in inleiding en gevolgtrekking. Skakel deurgaans die teenargument met die hoofargument.	Kort inleiding en gevolgtrekking wat daarop fokus om die vraag te beantwoord. Gebruik paragrawe. Vlot uitdrukking.	Opstel is logies, samehangend en bondig. Dit dui op uitstekende historiese insig en begrip.
7 80 – 89% 40 - 44	Neem 'n standpunt in. Volgehoue argument met enkele afdwalings wat nie afbreuk doen aan die begrip of fokus nie. Skakel bronne en vraag goed aaneen.	Soos hierbo	Soos hierbo	Soos hierbo	Opstel is duidelik en akkuraat alhoewel die styl nie bondig is nie. Dit dui op baie goeie historiese insig en begrip.
6 70 – 79% 35-39	Neem 'n standpunt in. Fokus op die vraag, maar mag sommige afdwalings in fokus of bedoelde fokus hê wat afwyk van die argument. Skakel bronne en vraag aaneen.	Gebruik al die bronne en verwys daarna deur die letter te gebruik. Gebruik besonderhede van bronne, maar daar mag leemtes of geringe afwykings in bewyslewering wees. Haal selektief aan waar toepaslik.	Identifiseer die teenargument.	Inleiding en gevolgtrekking wat daarop fokus om die vraag te beantwoord. Gebruik van paragrawe. Uitdrukking bevredigend.	Opstel is 'n goeie poging maar ontbreek diepte. Dit is oor die algemeen vloeiend, maar sommige herhaling kom voor. Daar is sommige beperkings in historiese insig en begrip.
5 60 – 69% 30-34	Wend 'n poging aan om standpunt in te neem. Leemtes in fokus of gebruik bygevoegde/geïmpliseerde fokus. Argument is inkonsekwent of sonder diepte. Hier en daar tekens dat bronne en vraag aaneenskakel.	Gebruik die meeste van die bronne en verwys daarna deur die letter te gebruik. Beskryf of omskryf bronne eerder as om inligting daaruit te gebruik. Gebruik te veel lang aanhalings uit die bronne.	Identifiseer die teenargument, maar nie volledig nie. Laat sommige aspekte van die teenargument weg.	Inleiding en gevolgtrekking teenwoordig, maar gebrekkig. Uitdrukking bevredigend.	Opstel wend 'n poging aan om die vraag te beantwoord, maar is nie deurgaans vloeiend en akkuraat nie. Dit wys basiese insig, maar daar is beperkings in historiese begrip.

IEB Copyright © 2014 – 2016

4 50 – 59% 25-29	Neem 'n swak standpunt in. Gebruik bygevoegde/geïmpliseerde fokus. Wend 'n swak poging aan om bronne en vraag aaneen te skakel.	Laat 2 tot 3 bronne weg. Beskryf of lys* bronne eerder as om inligting daaruit toepaslik te gebruik. Gebruik aanhalings wat irrelevant en te lank is. Bondel* bronne saam.	Identifiseer die teenargument op basiese vlak.	Swak inleiding en gevolgtrekking. Inleiding OF gevolgtrekking ontbreek. Strukturele probleme (bv. Gebrek aan paragrawe.) Uitdrukking bevredigend.	Opstel toon oppervlakkige begrip van vraag. Daar is weinig begrip van historiese begrip en insig.
3 40 – 49% 20-24	Wend swak poging aan om standpunt te stel. Weinig poging om te fokus. Toon min begrip van argument. Bevat onakkuraathede en leemtes. Poog om bronne aaneen te skakel aan vraag, maar nie suksesvol nie.	Gebruik nie die helfte van die bronne nie. Het swak begrip van bronne. Gebruik 'n paar relevante aanhalings.	Het geen teenargument nie of dit is baie simplisties.	Strukturele probleme. Inleiding en/of gevolgtrekking ontbreek. Uitdrukking swak.	Opstel is moeilik om te lees of die argument is moeilik om te volg. Dit toon 'n gebrek aan begrip van die vraag, of hoe om bronne te gebruik om die vraag te beantwoord.
2 30 – 39% 15-23	Wend geen poging aan om 'n standpunt in te neem nie. Fokus nie op die vraag nie. Kan nie die bronne en vraag aaneenskakel nie.	Gebruik baie min bronne. Het 'n swak begrip van bronne.	Soos hierbo.	Strukturele probleme. Uitdrukking baie swak.	Opstel demonstreer nie 'n begrip van historiese kwessies soos in die bronne aangetref nie. Dit toon weinig begrip maar die kandidaat het sommige inligting in die bronne gebruik.
1 0 – 29% 1-14	Wend geen poging aan om te fokus nie. Het geen begrip van die vraag nie.	Gebruik slegs een of geen bronne nie. Blyk nie in staat te wees om relevante bronne te gebruik nie.	Geen teenargument nie.	Strukturele probleme. Uitdrukking uiters swak.	Opstel demonstreer uiters gebrekkige begrip van bronne of begrip van vraag, of hoe die twee aaneenskakel.

* Lys bronne – gebruik bronne alfabeties eerder as om dit te groepeer om die argument en teenargument te ondersteun.
  [bv. Bron A wys ... ; Bron B stateer ... ; Volgens Bron C ...; In Bron D ... , ens.)
* Bondel bronne – hanteer verskeie bronne saam eerder as apart, wat dan impliseer dat almal dieselfde ding sê
  [bv. Bronne A, C, F en H]

IEB Copyright © 2014 – 2016

9. GENERIESE RUBRIEK VIR BEREDENEERDE OPSTEL

GENERIESE RUBRIEK VIR BEREDENEERDE OPSTEL

NB. 'n Opstel kan aspekte hê van verskillende kriteriumvlakke. Besluit by watter vlak dit inskakel deur te bepaal waar die meeste van die kriteria inpas. Oorweeg ook die vlak van die hoofindruk van die opstel.					
	Ontwikkeling van argument **Antwoord word oor algemeen gekenmerk deur…**	**Bewyse** **Antwoord word oor algemeen gekenmerk deur…**	**Skryfstyl** **Antwoord word oor algemeen gekenmerk deur…**	**Struktuur** **Antwoord word oor algemeen gekenmerk deur…**	**Hoofindruk**
Vlak 7+ **90 – 100%** **63 – 70**	Argument word duidelik uiteengesit in inleiding en slot en deurgaans volgehou. Geen nuwe idees bekendgestel in inleiding nie. Grondige begrip van vraag. Moontlike bewys van ekstra oplees. Deurlopende helder logika.	Akkurate en relevante bewyse om argumente te motiveer. Kennis toon geen leemtes nie. (moenie penaliseer volgens 'n opgestelde lys feite nie.) Geen onnodige feite word lukraak bygevoeg nie. Geen onnodige herhaling nie.	Deurlopend formeel, vlot en akkuraat. Dikwels gekenmerk deur spesiale aanleg – interessant en maklik om te lees.	Helder inleiding, hoofdeel en slot	Die vraag is volledig van begin tot einde beantwoord. Opstel is interessant, opwindend en logies. Die antwoord is so volledig as wat verwag kan word van 'n 18-jarige wat onder eksamen omstandighede skryf.
Vlak 7 **80 – 89%** **56 – 62**	Werklik 'n goeie opstel. Argument word enduit volgehou in die inleiding, hoofdeel en slot. Helder begrip van die tydperk en die vraag. Miskien nie heeltemal dieselfde diepte of logika as die vorige vlak nie.	Ken duidelik die werk baie goed en het relevante en akkurate bewyse gebruik as motivering vir die antwoord.	Deurlopend formeel, vlot en akkuraat.	Helder inleiding , hoofdeel en slot.	'n Werklik goeie opstel met duidelike begrip vir die vraag en gemotiveer met akkurate, relevante bewyse, maar kom miskien kort aan die diepte en besondere skryfstyl van die vorige vlak.
Vlak 6 **70 – 79%** **49 – 55**	Argument toon klein leemtes en/of sekere aspekte van die vraag word nie goed hanteer nie. Opstel is soms vertellend van aard met die fokus onduidelik.	Het wel 'n poging aangewend om die werk te leer. Daar kan dalk leemtes of gebrek aan genoegsame hantering van bewyse ten opsigte van die vraag voorkom, bv. verduidelik nie relevante kwessies en gebeure volledig nie.	Meesal formeel, vlot en akkuraat	Helder inleiding, hoofdeel en slot.	Kandidaat het 'n goeie poging aangewend om die werk te leer en het oor die algemeen 'n goeie begrip van die tydperk, maar sukkel dalk effens om hierdie kennis deurgaans toe te pas op die vraag. OF Kandidaat verstaan die vraag goed, maar daar is enkele belangrike leemtes in die bewys.

IEB Copyright © 2014 – 2016

Vlak 5 **60 – 69%** **42 – 48**	Kandidaat kan fokus sonder veel diepte lukraak byvoeg.. OF Een aspek van die vraag is deeglik bespreek, maar ander uiters belangrike aspek(te) van die vraag kry min aandag.	Sluit akkurate en relevante bewyse in met enkele belangrike weglatings. OF 'n Gebrek aan verduideliking en begrip is merkbaar.	Oor die algemeen deurgaans vlot, formeel en akkuraat	Inleiding, hoofdeel en slot aanwesig.	Vraag is redelik beantwoord maar ontbreek aan 'n mate van diepte van fokus en bewyse. Opstel is hoofsaaklik vertellend van aard, maar toon tog 'n mate van fokus. Daar is enkele leemtes in belangrike bewyse en ook enkele onakkuraathede in die grammatika.
Vlak 4 **50 – 59%** **35 – 41**	Fokus is nie duidelik nie en/of is slegs sporadies. Daar is 'n mate van lukraak bygevoegde fokus teenwoordig. OF Een aspek van die vraag word bevredigend beantwoord, maar die ander uiters belangrike aspekte word byna geheel en al geïgnoreer.	'n Hoeveelheid goeie bewyse is teenwoordig, maar daar is tog belangrike weglatings. 'n Mate van oppervlakkige geselsery met herhaling van sekere bewyse kom voor.	Bevredigend in leesbaarheid en meesal vlot. Dalk soms informele en onakkurate gebruik van taal en sinsbou.	'n Poging om tog 'n inleiding, hoofdeel en slot in te sluit, maar sommige strukturele probleme kom voor, bv. slegs een of twee lang paragrawe.	Opstel toon 'n mate van begrip, maar het te veel leemtes in die kennis en daar is maar min sprake van fokus op die vraag. EN/OF Opstel het enkele struktuurfoute . EN/OF Tekens van verwarring by die verstaan van die vraag en by die selektering en verduideliking van die bewyse.
Vlak 3 **40 – 49%** **28 – 34**	Weinig pogings tot fokus – voeg nie eens fokuspunte lukraak by nie. OF Een aspek van die vraag word bevredigend hanteer, maar die ander uiters belangrike aspekte word geheel en al geïgnoreer.	'n Mate van akkurate en relevante bewyse word ingesluit, maar daar is ook belangrike weglatings.	Skryfstyl is swak. (wees asb. versigtig om nie tweedetaalleerders te penaliseer nie). Opstel is moeilik om te lees met baie taalfoute.	Moontlik 'n swak poging tot strukturering, maar baie probleme, bv. inleiding is nie 'n paragraaf nie, net een paragraaf in die hoofdeel.	Die kandidaat verstaan nie regtig die spesifieke vraag of die relevante kwessies nie. Argument kort diepte. 'n Mate van relevante en akkurate bewyse in 'n poging om die vraag te beantwoord. Skryfstyl is simplisties alhoewel 'n poging tog aangewend word om die opstel te struktureer.
Vlak 2 **30 – 39%** **21 – 27**	Kandidaat wend min poging tot fokus aan – voeg nie eens lukrake fokus by nie. Dalk hier en daar 'n vlugtige blik op geïmpliseerde fokus. OF Een aspek van die vraag word baie oppervlakkig beantwoord en die ander uiters belangrike aspekte word geheel en al geïgnoreer.	Bewyse sluit tekens van akkurate, relevante bewyse in, maar daar is groot en belangrike weglatings.	Skryfstyl is baie swak. (Wees versigtig om nie tweedetaalleerders te penaliseer nie). Opstel is baie moeilik om te lees met baie taalfoute en heelwat oppervlakkige herhaling.	Min of geen formele struktuur nie alhoewel tog enkele tekens van akkurate sinsbou.	Die kandidaat is baie swak. Sou miskien net die vorige Standaardgraad kon slaag. Hy/sy sukkel om oorsaak en gevolg, ooreenkoms of verskil, verskillende gesigspunte te sien en om geleerde inligting te onthou en toe te pas. Kandidaat kon dalk inligting verwar het, maar daar is hier en daar stukkies akkurate en relevante bewyse alhoewel dit nie veel met die vraag te doen het nie. Soek vir tekens van fokus (selfs as net onbewustelik)
Vlak 1 **0 – 29%** **0-20**	Miskien vae tekens van geïmpliseerde fokus	Geen tot baie min tekens van bewyse.	Baie swak skryfstyl	Geen struktuur nie	Die kandidaat het of geen historiese begrip of vermoë nie, of het byna geen poging aangewend om die werk te leer nie of om die vraag te verstaan nie. Daar is dalk af en toe vae verwysings na sommige relevante bewyse en baie vae geïmpliseerde fokus

IEB Copyright © 2014 – 2016

10. GENERIESE RUBRIEK VIR UITGEBREIDE SKRYFWERK

GENERIESE RUBRIEK VIR UITGEBREIDE SKRYFWERK

	Kennis van gebeurtenis	Keuse van feitelike bewyse	Betekenis (slegs waar van toepassing	Hoofindruk
Vlak 7+ 90 - 100% 27 – 30	Toon uitstekende kennis van die gebeure/kwessie. Het al die onderafdelings van vraag volledig beantwoord.	Keuse van korrekte feitelike bewyse is uitstekend.	Die betekenis van die gebeure/kwessie word verstaan en is goed weergegee.	Beste beantwoord onder gekontroleerde toestande.
Vlak 7 80 - 89% 24 – 26	Toon 'n goeie kennis van die gebeure/kwessie. Het al die onderafdelings van die vraag beantwoord.	Keuse van korrekte feitelike bewyse is baie goed.	Die betekenis van die gebeure/kwessie word verstaan en goed weergegee.	Kan geringe foute toon en kan 'n paar leemtes hê, maar is oor die geheel 'n goeie antwoord.
Vlak 6 70 - 79% 21 – 23	Toon 'n goeie kennis van die gebeure/kwessie. Het meestal die onderafdelings van die vraag beantwoord.	Die meeste van die feitelike bewyse word voorsien.	Die betekenis van die gebeure/kwessie word verstaan en duidelik weergegee.	'n Voldoende antwoord met sommige leemtes. Sommige foute kom voor.
Vlak 5 60 - 69% 18 – 20	Toon 'n deeglike kennis van die gebeure/kwessie. Onderafdelings is nie goed beantwoord nie.	Korrekte feitelike bewyse word voorsien, maar daar kan sekere leemtes en weglatings wees.	Die betekenis van die gebeure/kwessie word verstaan en weergegee, maar met enkele leemtes in begrip of sommige weglatings.	Die vraag is beantwoord maar kort spesifieke besonderhede. Leemtes in kennis. Kan 'n bietjie vaag wees.
Vlak 4 50 - 59% 15 – 17	Toon 'n redelike kennis van die gebeure/kwessie. Onderafdelings is nie volledig beantwoord nie.	Sommige korrekte feitelike bewyse word voorsien, maar daar is leemtes en weglatings.	Die betekenis van die gebeure/kwessie word verstaan en bevredigend weergegee, maar met leemtes in begrip en/of belangrike weglatings.	Oor die algemeen 'n vae antwoord. Herhaling duidelik.
Vlak 3 40 - 49% 12 – 14	Toon sommige kennis van die gebeure/kwessie. Onderafdelings is swak beantwoord nie.	Feitelike kennis is gebrekkig met sommige foute. Daar is betekenisvolle leemtes en weglatings.	Die betekenis van die gebeure/kwessie word verstaan en op 'n beperkte wyse weergegee.	Toon skramse tekens van bewyse. Herhaling van dieselfde aspekte. Sommige foute.
Vlak 2 30 - 39% 9 – 11	Toon beperkte kennis van die gebeure/kwessie. Onderafdelings kwalik beantwoord.	Feitelike kennis is beperk en/of bevat ernstige foute. Betekenisvolle leemtes en weglatings.	Die betekenis van die gebeure/kwessie word kwalik verstaan of swak weergegee.	Baie min detail. Baie herhaling. Groot foute.
Vlak 1 0 - 29% 0 – 8	Toon geen of uiters beperkte kennis van die gebeure/kwessie. Onderafdelings nie beantwoord nie of swak gedoen.	Feitelike kennis is uiters beperk met ernstige foute of is totaal verkeerd.	Die betekenis van die gebeure/kwessie is nie verstaan nie of uiters swak weergegee.	Die antwoord is van die onderwerp af en bevat geen of geen feitelike inhoud nie. 'n Onvolledige antwoord.

IEB Copyright © 2014 – 2016

11a. STREEKS-/NASIONALE MODERERINGSVORM - ONDERWYSERSLÊER

NASIONALE MODERERINGSVORM - ONDERWYSERSLÊER

Vak: Geskiedenis

Eksamensentrumnommer. _____ Datum: _____

Onderwysersvorm

Is die volgende items teenwoordig?	**Merk korrekte opsie**	
	Ja	**Nee**
- Dekblad		
- Onderwyser se sigblad		
- IEB-Rangorde		
- Modereringslyste		
- Take		
- Nasienriglyne		
- Analiseroosters		

Take

Afdeling A			
1. Klaswerk en toetse	**Ja**	**Nee**	**Kommentaar**
- Daar is 'n kopie van die opgestelde take			
- Daar is 'n kopie van die nasienriglyne en analiseroosters vir elke opgestelde taak			
- Die tipe taak weerspieël die tipe taak wat aan die einde van die jaar geëksamineer word. (Of 'n opstel of 'n bronanalise-vraag).			
2. Proef/Rekordeksamen			
- Die take weerspieël die kurrikulum op akkurate wyse			
- Daar is 'n toepaslike verspreiding van vrae oor die denkvlakke (vlakke van moeilikheidsgraad) heen.			
Afdeling B			
1. Historiese Ondersoek	**Ja**	**Nee**	**Kommentaar**
Die historiese ondersoeke wat voorgelê is vir moderering toon 'n goeie standaard van historiese navorsing.			
2. Mondelinge Aanbieding			
Die mondelinge aanbiedings toon 'n goeie standaard van historiese navorsing.			

Kommentaar: _____

_____

_____

_____

SGA-moderator se handtekening: _____Datum: _____

IEB Copyright © 2014 – 2016

11b. STREEKS-/NASIONALE MODERERINGSVORM: LEERDERLÊER

NASIONALE MODERERINGSVORM: LEERDERLÊER

Vak: Geskiedenis

Eksamensentrumnommer. _____ Datum: _____

Leerderlêer

Algemeen		
Is die volgende teenwoordig?	**Ja**	**Nee**
- Dekblad		
- Verklaring van geloofwaardigheid		

Afdeling A		
1. Toetse/take	**Ja**	**Nee**
- Daar is drie voorbeelde van werk gedoen		
- Al die take/toetse is onder gekontroleerde toestande gedoen		
- Alle take en toetse is nagesien volgens die relevante nasienriglyne		
Kommentaar: _____ _____		
2. Proef/Rekordeksamen	**Ja**	**Nee**
- Vraestel 1 en 2 is albei teenwoordig		
- Die take in die eksamen is nagesien volgens die relevante nasienriglyne		
Afdeling B		
1. Historiese Ondersoek	**Ja**	**Nee**
- 'n Voltooide rubriek vir die historiese ondersoek is aangeheg		
- Die eerste poging is ingesluit		
- 'n Addendum met al die bronne wat gebruik is, is aangeheg (waar aangedui)		
2. Mondelinge aanbieding		
- Die mondelinge aanbieding word verteenwoordig deur 'n afskrif van die aanbieding. - 'n Voltooide rubriek word aangeheg aan die afskrif		

Kommentaar: _____

_____

_____

_____

Geteken: SGA-moderator: _____Datum: _____

IEB Copyright © 2014 – 2016

12. TAKSONOMIE VAN DENKVLAKKE VIR GESKIEDENIS

GEBASEER OP BLOOM SE TAKSONOMIE VAN OPVOEDKUNDIGE DOELWITTE

%	Vlak	Beskrywing	Verduideliking	Vaardighede getoon	Aksiewerkwoorde	Tipe vraag	Gepaste taak
40%	**6**	**Evaluering**	Beoordeel volgens sekere kriteria	Vergelyk en kontrasteer tussen idees; assesseer waarde van teorieë; voer keuses uit gebaseer op beredeneerde argumente; bevestig waarde van bewyse; herken vooroordeel; maak voorspellings; beoordeel 'n idee krities	Assesseer, evalueer, voorspel, ontwerp, regverdig, bevestig, interpreteer, debatteer	Oop; voorspellend soos vir weer-rampe; oorweeg die voor-en nadele van 'n situasie en besluit op 'n uitkoms, aanvaar 'n vraag en argumenteer 'n saak; voorspel wat sal gebeur	Beplan 'n strategie; skryf 'n verslag; 'n aanbevelingsbrief; raak betrokke in debattering; evalueer 'n opname; Kritiek: stel oplossings voor vir 'n probleem.
	5	**Sintese**	Die vermoë om elemente saam te voeg om 'n nuwe geheel te vorm.	Gebruik ou idees om 'n nuwe te skep, veralgemeen uit gegewe feite, betrek kennis vanuit verskeie gebiede, maak gevolgtrekkings	Integreer, kombineer, verander, stel saam, konstrueer, gee redes vir, suggereer, bewys	Stel 'n plakkaat saam; beplan 'n strategie om…	Probleemgebaseerde opstel; ontwerp 'n advertensie; skep 'n breinkaart; skryf 'n radio/TV-waarskuwing vir rampe
	4	**Analise**	Die vermoë om 'n geheel op te deel in sy samestellende dele. Elemente ingebed in 'n geheel word geïdentifiseer en die verhoudings tussen die elemente word herken	Identifiseer patrone, herken verhoudings tussen patrone, organisasie van onderdele, identifiseer samestellende elemente	Analiseer, orden, verduidelik, verbind, Klassifiseer, vergelyk, kontrasteer, annoteer, onderskei, trek diagram, illustreer, formuleer, brei uit, ondersoek	Konstrueer 'n vloeidiagram doen 'n rolspel oor…	Ontleed 'n advertensie; konstrueer 'n vloeidiagram; annoteer 'n diagram om verhoudings te toon
60%	**3**	**Toepassing**	Die vermoë om inligting in nuwe situasies te gebruik	Gebruik inligting, gebruik verskeie metodes, konsepte, teorieë in nuwe situasies, los probleme op deur die vereiste vaardighede en kennis te gebruik	Pas toe, demonstreer, wys, los op, ondersoek, verander, konstrueer, berei voor, klassifiseer, voer onderhoud, lewer kommentaar, bepaal	Teken 'n veldskets of gee 'n visuele perspektief; verduidelik proses vanuit 'n visuele bron	Herken eienskappe en verduidelik verhoudings; stel 'n vraelys op; bied 'n weerverslag aan
	2	**Begrip**	Eerste vlak van verstaan, herroep en verstaan inligting, beskryf die betekenis van…	Verstaan inligting, begryp betekenis, plaas kennis in nuwe konteks, interpreteer feite, vergelyk, kontrasteer, orden, groepeer, voorspel gevolge	Som op, beskryf, bereken, bespreek skat, verduidelik, gee voorbeeld, omskryf, demonstreer, onderskei	Werk vanuit bronmateriaal soos foto's, kaarte, artikels, grafieke, afbeeldings en spotprente.	Stel 'n tabel saam; vereenvoudig deur 'n skets te maak van 'n sinoptiese kaart; som 'n koerantartikel op; resenseer 'n film; oorsettingstaak : werk met grafieke, data of lees 'n studie.
	1	**Kennis**	Onthou van feite. slegs herroep.	Waarneming en herroep van inligting; herhalende kennis.	Lys, definieer, benoem, identifiseer, pas by, neem waar, vind, benoem, selekteer	Meng en pas; waar of vals; annoteer 'n diagram; veelkeusige vrae	Basiese kaart met 'n aantal kenmerke om te identifiseer (1-20); Identifiseer kenmerke op 'n diagram; lys feite

IEB Copyright © 2014 – 2016